

MEI 2012

NUUSBRIEF

## Geloof, hoop en liefde
## die grootste hiervan is die liefde!


Ek het al baie gelees en gehoor dat liefde iemand kan verander… maar het jy dit al beleef en met jou eie oë gesien? Dit is vir my 'n werklikheid, want onder ons oë het kinders verander …**HULLE LYK SELFS ANDERS !!**




Hoe gebeur dit? Deur 'n drukkie, handjie vas te hou, woorde wat help met… jy kan, wanneer jy nie eers dink jy kan 'n mannetjie met klei maak nie.

Kan dit so eenvoudig wees? Jesus se opdrag aan ons is om mekaar lief te hê. Met die samestelling van die nuusbrief kyk ek na foto's wat geneem is die afgelope paar jaar en ek kan nie help om die verskil in ons kinders te sien nie! Hulle ogies blink weer, hulle lag uit hulle magies, sing en speel met oorgawe as hulle die geleentheid kry.

En die mooiste van alles is … hulle begin ook liefde uitdeel en sonder dat hulle dit besef, begin ons 'n nuwe generasie wat weet wat liefde beteken.



# Kinders leer van JESUS deur ...

**Ons het tans die voorreg om ongeveer 220 kinders tussen drie en sewe jaar te bedien met die Woord van God en baie liefde. Ons help kinders wat andersins in die strate sou speel en blootgestel sou wees aan gevaarlike elemente, veral vir hierdie klein kindertjies.**



## STORIES







## SPEEL ...







## en SING...

Ons poog om die kwartaal God se karakter aan `n 3 tot 7 jarige kind te leer. Kinders moet beleef dat God hulle lief het binne`n stukkende wêreld. God sê ons moet lief hê, want ware liefde kom van Hom. Sy HART is dat ons, onsself en ander sal liefhê.













# VOL MAGIES VOL Vreugde...



Ons primêre doel by Ma's vir Wellington is om kinders van Jesus Christus te leer, **maar hoe leer 'n mens as jy honger is?** Dit is hier waar elke broodjie-tannie en oom (soos my twee dogters julle noem) 'n groot verskil maak. Met jul skenking van klaargesmeerde brood, maak julle dit moontlik vir hierdie honger kinderjies om iets te kan eet.


'n Grondboontjie botter en konfyt broodjie mag vir my en jou alledaags klink, maar vir hulle is dit koningskos. Dankie vir julle ondersteuning. Dankie ook vir almal wat koeldrank, vrugte en eiers skenk, dit word opreg waardeer!

Dankie Hemelse Vader!!! Ma's vir Wellington is U plan. U gebruik broodjie ooms en tannies om U liefde aan U kinders oor te dra. Alle eer aan U!



Jesus antwoord: "Jy moet die Here jou God lief hê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand **en jou naaste soos jouself."**

Lukas 10:27





# Help ASSEBLIEF met die WINTER wat kom !



Ons was bevoorreg om in 2011 vir al 250 kinders tydens die winter of 'n kombers, 'n warm baadjie, truitjie of sweetpak te gee om te help met die koue en nat winter weer van Wellington.

**Dankie vir die komberse, warm klere en skoene, weet dat dit 'n groot verskil maak in 'n klein mensie se lewe!**

Die winter sluip stadig maar seker nader en as ons, ons oë uitvee is die winter en die koue dae en aande weer hier. Ons neem die vrymoedigheid om te vra vir komberse, klere of skoene wat nog in 'n goeie bruikbare toestand is.







# ELKE KIND IS GEKIES ...

## 250 KINDERS kry KOSPAKKIES !

### Die versoek was groot, maar ons gemeenskap se harte was GROTER !!




Kinders tussen die ouderdomme van 3 en 7 jaar is geseën met 'n kospakkie vir die lang Desember vakansie.

Ons het deur die afgelope jare geleer dat die behoefte na **voedsel baie groter** is as 'n geskenk wat na 'n week stukkend is. Dus het ons besluit om persone en instansies te nooi om deel te wees en vir 250 kinders te help deur vir elkeen **'n KOSPAKKIE** te gee. Daarby is 'n klein geskenkie gegee om hom/haar te bederf. Die uitnodiging was om 'n spesifieke kind te kies en vir daardie kind 'n kospakkie te gee.

Na byna vyf jaar is ons as Ma's vir Wellington nogsteeds verstom oor die oop hande en harte wat mense het vir ander. Ons prys die Here vir Sy voorsiening en glo dat elke persoon en instansie wat bygedra het ook geseën sal word in hulle eie lewens, net soos hulle hierdie kosbare kinders geseën het.






# 80 Kinders kry tasse vir "Groot Skool"



Aan die einde van elke jaar is daar van ons maaitjies wat na die "groot skool" toe gaan. Dit is vir ons 'n voorreg om vir hulle elkeen 'n tas met skryfbehoeftes, kosblikkie en 'n botteltjie te gee. 80 Kinders het elkeen 'n tassie gekry en so begin hulle, hulle skool-loopbaan met 'n groot geskenk!






# KARNAVAL











Ons het 2011 afgesluit deur vir die kinders 'n karnaval te hou. Die kinders is almal na 'n binnenshuise sport sentrum vervoer. Daar was aktiwiteite soos sakresies, boontjiesakke, vrot eier, springkasteel, hoepels, touspring en nog baie meer. Ons het ook lekker karnaval eetgoed soos spookasem, ysies, lekkers, chips en koeldrank gehad. Elke kind het 'n gevoude ballon figure gekry wat bygedra het tot 'n lekker karnaval atmosfeer.

Die kinders het die karnaval BAIE geniet en was stokflou aan die einde van die dag. Die mammas en helpers was net so moeg, want stel jou voor ... 220 kinders met 'n "sugar rush" Dit was omtrent 'n storie met 'n baie goeie einde. Die pret, liefde en GEES wat in die dag uitgestraal het, het alles die moeite werd gemaak.

Om die reeds perfekte dag af te sluit, is almal bederf met heerlike boereworsrol.

So het ons aan die einde gekom van nog 'n suksesvolle jaar en kan ons weereens net met dankbaarheid in ons harte teenoor ons Hemelse Vader staan.

Dankie Vader vir U seën en liefde.

















# Ma's reik uit na plaaslike skool

Hugo Rust Laerskool het saam met Mammas van Wellington geestelik deur God se tuin gestap en is daarvan bewus gemaak dat elkeen van ons spesiaal en uniek in God se oë is. Dit was 'n baie geseënde Pinkstertyd vir elkeen van ons. Die Tannies en Dawid, het "geblom" in God se kleurvolle tuin deur wonderlike seënende boodskappies elke dag vir ons te bring. Dankie vir die assosiasie met kleure en 'n armbandjie wat ons so maklik leiding gee om Jesus Christus in ons lewens uit te leef en met ander te deel.







## ONS STAP DEUR GOD SE TUIN

| Kleur | Onderwerp | Teks |
|---|---|---|
| Pers | Jesus het jou spesiaal gemaak. | Ps. 139:14 |
| Rooi | Sê jy is jammer. | 1 Joh 1:9 |
| Oranje | Lekker ruik vir Jesus. | 2 Kor 2:15 |
| Groen | Lees jou Bybel en bid elke dag. | Spr 4:34 |
| Blou | Vertel vir ander van Jesus. | Gal 5:22 & 23 |



# Vrywilligers… ons Familie !



Vir hierdie groep vrywilligers is dit 'n voorreg om deel te wees van 'Ma's vir Wellington'. Hier is hulle baie keer kinders se eerste en soms enigste blik op liefde, waardes en hoop. Saam vat hulle hande en skep in hierdie sirkel van vroue 'n klimaat van selfrespek en liefde. Liefde vir hierdie kindertjies en vir mekaar en bowenal vir ons Hemelse Vader, want hier leer ons dat klimaat bepaal wat in jou groei...en glo my hier by 'Ma's vir Wellington' groei die mooiste kindertjies en mammas met die mooiste harte! Kom sluit gerus by hierdie groep vrywilligers aan. Onthou, wat jy vir ander laat gebeur sal God vir jou laat gebeur.



**"GEE AAN HULLE VREDE EN VOORSPOED, HERE, WANT HULLE HET HULLE VERTROUE OP U GESTEL."**

Jes. 26:3

# ONS HET JOU HULP NODIG !

- **Smeer 'n brood** (of twee): gesinne, individue of omgeegroepe kan gesmeerde brood en aanmaak koeldrank gee, wat op Dinsdae en/of Donderdae aan ons kinders uitgedeel sal word.
- **Kom deel in die Jesus-lessie** wat aangebied word. Jy hoef nie self die les aan te bied nie, kom deel jou liefde en drukkies! Die kinders is in groepies van 10 elk opgedeel en ons het jou hande en liefde nodig om 'n verskil te maak in 'n kind se lewe. Ons kom op Dinsdae en Donderdae, om 9:30 in die Colibrisaal, Egoli bymekaar.
- **Borg 'n kind** se etes vir R70,00 per maand.
- **Skenk van voedsel** en nie-bederfbare produkte
- **VRUGTE** asseblief !
- **Skenk Bybels, klere, komberse, skoene**
- Skenk **skryfbehoeftes**: verf, papier, klei, gom ens.
- **Geldelike** bydrae

## VIR MEER INLIGTING

Vir meer inligting of om in te teken op Ma's-vi-Wellington se nuusbrief, kontak

*Lizette Ferreira*

*084 368 7667 of admin.mvw@telkomsa.net*

Stephanie Henderson

083 459 5961 of masviwellington@telkomsa.net

Vir donasies of om 'n kind te borg vir 'n maand:

Begunstigde: Ma's vi Wellington Bank: ABSA

Rek. no: 9193220237 Bankkode: 632005

**Kom wees saam …JESUS se hande en voete**